



## Pick up a picture book

**November is International Picture Book Month. Picture books are books in which the illustrations are just as important to telling the story as the words. They are mostly shorter books that can be read in one sitting. Although lots of people think that picture books are meant only for young children, actually they can be enjoyed by all of us – young or old!**

Verushka Louw sells children's books at a bookshop in Cape Town called The Book Lounge. Here's what she has to say about picture books.

“ I have been selling picture books to children for fifteen years and there is still magic in it every day! I believe there is such a thing as reading the right book at the right moment; finding stories to shape your story. We are so spoilt at the moment with picture books: illustrators are giving us their best.

I often say that picture books are your child's first introduction to art. So pick wisely when you are buying or taking books out in the library, look for books with more challenging illustrations, with detailed pictures, so that your child can also spend time reading the book through the pictures.

Picture books are important because childhood is important. Picture books help inspire today's young people into becoming tomorrow's thought leaders.  
Debbie Ridpath Ohi, picture book illustrator and author

Prenteboeke is belangrik, want kinderjare is belangrik. Prenteboeke help om vandag se jongmense te inspireer om môre se denkleiers te word.  
Debbie Ridpath Ohi, prenteboekillustrerende en -skrywer



## Kies 'n prenteboek

**November is Internasionale Prenteboekmaand. Prenteboeke is boeke waarin die illustrasies net so belangrik vir die storie is as die woorde. Dié boeke is meestal korter boeke wat in een sessie gelees kan word. Hoewel baie mense dink dat prenteboeke slegs vir jong kinders bedoel is, kan hulle in werklikheid deur almal van ons – jonk of oud – geniet word!**

Verushka Louw is 'n kinderboekverkoper en sy werk by The Book Lounge, 'n boekwinkel in Kaapstad. Dit is wat sy oor prenteboeke te sê het.

“ Ek verkoop al vyftien jaar lank prenteboeke aan kinders en dit is steeds elke dag spesiaal! Ek glo daarin dat 'n mens die regte boek op die regte oomblik lees; en dat 'n mens stories kan vind wat jou storie vorm. Ons is tans so bederf met prenteboeke: illustreerders gee ons hulle beste werk.

Ek sê dikwels prenteboeke is jou kind se eerste kennismaking met kuns. Maak dus 'n wyse keuse wanneer jy boeke koop of boeke by die biblioteek uitneem. Kyk uit vir boeke met meer uitdagende illustrasies, met prente met baie besonderhede, sodat jou kind ook tyd kan deurbring om die boek deur die prente te lees.

Ons leef in uiters visuele tye, en boeke moet met dinge soos die televisie en rekenaar om ons kinders se aandag meeding. Maar met genoeg aanmoediging kan ons ons kinders help om 'n liefde vir boeke te ontwikkel namate hulle grootword. Ons moet van 'n baie jong ouderdom af tyd maak om vir ons kinders te lees. Om saam te lees is kosbare tyd en 'n goeie belegging.

As 'n boekverkoper het ek soms net 'n paar minute om met 'n kind te gesels om te probeer uitvind wie hulle is en wat hulle van hul volgende boek wil hê. Dis 'n bietjie soos om 'n dokter te wees! Ek kyk uit vir leidrade in wat kinders sê en dan kyk ek watter boeke by hulle behoeftes en belangstellings pas.

Daar is so baie antwoorde op ons deurmekaar lewens in die bladsye van boeke. Dit is nooit te vroeg om ons kinders bekend te stel aan prenteboeke nie, wat propvol towerkrag is en die belofte van talle groot dinge inhou.



Drive your imagination

Story Power.  
Bring it home.  
Bring dit huis toe.



# Celebrating picture books!

This International Picture Book Month we asked some of the team at Nal'ibali, as well as our Story Bosso celebrity judges and ambassadors about their favourite picture books. Here's what they said.

## Kom ons vier prenteboeke!

Hierdie Internasionale Prenteboekmaand het ons van ons spanlede by Nal'ibali en ook ons Story Bosso-beoordelaars en -ambassadeurs gevra watter prenteboeke hul gunsteling is. Dit is wat hulle gesê het.



“It is the joyous power of picture books that turns young listeners into readers and readers into writers.  
Charles Ghigna, author and poet”

“Dit is die vreugdevolle krag van prenteboeke wat jong luisteraars in lesers, en lesers in skrywers verander.  
Charles Ghigna, skrywer en digter”



My favourite picture book is *Guess how much I love you* by Sam McBratney and Anita Jeram. I used to read it with my children all the time. The book uses larger and larger actions to measure how much the characters love each other. Even though my children are adults now, we still play this game because it has such a special meaning to us!  
Ntombizanele Mahobe, Nal'ibali Training Coordinator




My gunstelingprenteboek is *Raai hoe lief is ek vir jou* deur Sam McBratney en Anita Jeram. Ek het dit voortdurend saam met my kinders gelees. Die boek gebruik al groter aksies om te meet hoe lief die karakters vir mekaar is. Selfs al is my kinders nou grootmense, speel ons steeds hierdie speletjie, want dit het so 'n spesiale betekenis vir ons!  
Ntombizanele Mahobe, Nal'ibali-opleidingskoördineerder



My favourite picture book has to be Dr Seuss's *Oh, the places you'll go!* It has a universal message that appeals to children and adults.  
Alan Glass, author and co-creator of the "Beautiful Creatures" series

My gunstelingprenteboek is beslis Dr Seuss se, *O, die wêreld lê oop vir jou!* Dit het 'n universele boodskap waarby kinders en grootmense sal aanklank vind.  
Alan Glass, skrywer en medeskrywer van die "Beautiful Creatures"-reeks



I share picture books with the children at my reading club every week. My favourite one is *The little red hen*. There are so many variations of this story out there, but originally it was an old Russian folktale. Children react so well to the pictures of talking animals. The story is all about the importance of hard work. The children slip into the world of this story without even realising it!  
Thanduxolo Mkoyi, Nal'ibali Literacy Mentor

Ek deel elke week prenteboeke met die kinders by my leesklub. My gunstelingprenteboek is *Die klein rooi hennetjie*. Daar is so baie variasies van hierdie storie, maar dit is oorspronklik 'n ou Russiese volksverhaal. Kinders reageer so goed op die prente van pratende diere. Die storie gaan oor hoe belangrik harde werk is. Die kinders word deel van hierdie storiewêreld sonder dat hulle dit eens besef!  
Thanduxolo Mkoyi, Nal'ibali-geletterdheidsmentor



I like reading to my children at bedtime and our favourite picture book is *Charlie Cook's favourite book* by Julia Donaldson and Axel Scheffler. We love it because it's about lots of books all inside one book!  
Nik Rabinowitz, comedian




Ek hou daarvan om voor slaaptyd vir my kinders te lees, en ons gunstelingprenteboek is *Charlie Cook's favourite book* deur Julia Donaldson en Axel Scheffler. Ons hou daarvan want dit gaan oor baie boeke binne-in een boek!  
Nik Rabinowitz, komediant



My children's favourite picture books are *Oh, the places you'll go!* and *The cat in the hat* by Dr Seuss. These books really trigger their imaginations; they get so absorbed in the stories. I also thoroughly enjoy reading them aloud to my children.  
Bonnie Henna, actress, author and presenter

My kinders se gunstelingprenteboeke is *O, die wêreld lê oop vir jou!* en *Die kat kom kuier* deur Dr Seuss. Hierdie boeke gee werklik hul verbeelding vlieuels; hulle raak so opgeneem in die stories. Ek geniet dit ook terdeë om dié boeke hardop vir my kinders te lees.  
Bonnie Henna, aktrise, skrywer en aanbieder




Drive your imagination



*Refilwe* by Zukiswa Wanner and Tamsin Hinrichsen has to be my favourite picture book. It's a beautiful fairytale that is all about adventure, escape and love. Children love the story – they're captivated by how the princess goes from being sad and isolated to escaping and falling in love. It's also a culturally-relevant retelling of the fairytale, *Rapunzel*, with nuances that children can relate to – such as the clothing, hair and different cultural practices.

Malusi Ntoyapi, Nal'ibali Programmes Support Officer and Trainer



*Refilwe* deur Zukiswa Wanner en Tamsin Hinrichsen is my gunstelingprenteboek. Dit is 'n pragtige sprokie propvol avontuur, ontsnapping en liefde. Kinders is dol oor die storie – hulle word bekoor deur hoe die hartseer, eensame prinses ontsnap en verlief raak. Dit is ook 'n kultuur-relevante oortelling van die sprokie, *Rapunzel*, met nuanses waarby kinders aanklank kan vind – soos die kler, hare en verskillende kulturele praktyke.

Malusi Ntoyapi, Programondersteuningsbeampte en opleidingsbeampte by Nal'ibali



*The very hungry caterpillar* by Eric Carle was my son's favourite story for a very long time. The whole family read it to him at some point: my mother, my sisters, his father and my grandmother. We read it so much, I even memorised it! I love it because it speaks about transformation. The tiny caterpillar that eats too much eventually becomes a beautiful butterfly.

Lebo Mashile, writer, actress and performer

*Die ruspe wat so honger was* deur Eric Carle was vir 'n baie lang tyd my seun se gunstelingstorie. Die hele familie het dit op een of ander tyd vir hom gelees: my ma, my susters, sy pa en my ouma. Ons het dit so baie gelees, ek het dit selfs gememoriseer! Ek is dol daarvoor, want dit gaan oor transformasie. Die klein ruspe wat te veel eet, word uiteindelik 'n groot, pragtige vlinder.

Lebo Mashile, skrywer, aktrise en uitvoerende kunstenaar





My favourite picture book is *Three friends and a taxi* by Maryanne and Shayle Bester. I love it because the pictures are so animated, which helps my daughters engage with the story more easily. It's also a versatile tale because both younger and older children seem to enjoy it!

Thabisa Thabi, Nal'ibali Literacy Mentor

My gunstelingprenteboek is *Drie vriende en 'n taxi* deur Maryanne en Shayle Bester. Ek hou daarvan want die prente is so lewendig, wat my dogters help om makliker by die storie betrokke te raak. Dit is ook 'n uiters veelsydige storie, want dit lyk of jonger en ouer kinders dit geniet!

Thabisa Thabi, Nal'ibali-geletterheidsmentor



As young children, we used to listen to stories while waiting for supper and around the fire, but later we got to enjoy stories at bedtime. My favourite picture book is *The very hungry caterpillar* by Eric Carle. I love the simple storyline. It's an easy read with lots of repetition, almost musical – and I love the subject of nature, environment and life!

Sindiwe Magona, author



I read to my six-month-old baby every evening before bedtime. My favourite picture books are the *Little hands* books sets of board books. They are ideal for tiny children because they're sturdy and colourful and so easy to read. Children also love the process of turning the pages.

Thulisa Mayekiso, Nal'ibali Literacy Mentor




As jong kinders het ons gewoonlik na stories geluister terwyl ons vir aandete gewag het, en om die vuur gesit het, maar later het ons stories voor slaaptid geniet. My gunstelingprenteboek is *Die ruspe wat so honger was* deur Eric Carle. Ek hou van die eenvoudige storielyn. Dit is 'n maklike storie om te lees met baie herhaling, byna musikaal – en ek hou van die onderwerp van die natuur, omgewing en lewe!

Sindiwe Magona, skrywer

Ek lees elke aand voor slaaptid vir my ses maande oue baba. My gunstelingprenteboeke is die stelle kartonboeke, *Kleinhandjiesboeke*. Hulle is ideaal vir klein kindertjies, want hulle is stewig en kleurvol en so maklik om te lees. Kinders hou ook daarvan om die bladsye om te blaai.

Thulisa Mayekiso, Nal'ibali-geletterheidsmentor



My daughter and I love the picture book, *Happy to be nappy* by Bell Hooks and Chris Raschka. It's about celebrating childhood and girls, and having the freedom to express your individuality. It's also about the crucial importance of diversity.

Smangele Mathebula, Nal'ibali Campaign Driver

Ek en my dogter is dol oor die prenteboek, *Happy to be nappy* deur Bell Hooks en Chris Raschka. Dit gaan oor die viering van kindwees en meisies, en die vryheid om uiting te gee aan jou individualiteit. Dit gaan ook oor hoe uiters belangrik diversiteit is.

Smangele Mathebula, Veldtogbestuurder by Nal'ibali



### NAL'IBALI ON RADIO!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show: RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m. SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



### NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister: RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm. SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.





## Get story active!

Here are some ideas for using the two picture books and the longer Story Corner story in this supplement. Choose the ones that best suit your children's ages and interests.

### Wow! It's great being a duck

Children of all ages will enjoy this story. A young duck, called Lillee, prefers walking rather than learning to fly and swim like her brothers and sisters. But, eventually she learns what she needs to in order to outwit a crafty fox who wants to eat her!



- ★ As you read the story, spend some time talking about the pictures with your children. You may want to draw their attention to the pictures of the fox on pages 9, 10, 12, 14 and 15. They show what the fox would have looked like to Lillee, who still had part of an eggshell on her head.
- ★ Try a fun drawing activity when you have finished reading the story. Suggest that your children partially cover their eyes with one of their hands and then draw what they see with the other hand!
- ★ After reading the story, discuss some of these questions with your children.
  - ☉ How do you think the story might have been different if Lillee had learnt to swim and dive with her brothers and sisters?
  - ☉ Do you think Lillee was wise to trust the fox in the first part of the story?
  - ☉ Was Lillee's mother correct about the fox? How do you think she knew about the fox?
  - ☉ Do you know other stories where there is a character who tries to trick someone? What happens in those stories?
- ★ The author and illustrator of this story, Joan Rankin, was a character in our special Literacy Day story called, *We have to go!* You will find this story in supplement 98 or you can read it again on our website or mobisite: [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) and [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).

### Nomsa

This is a story about a little girl, called Nomsa, who loves to dance. It is written for very young children, but you can also use the story with older children by letting them read it in their mother-tongue first and then in the other language of the supplement. They can also read it to younger children that they know.



- ★ As you read the story together, do some of these things.
  - ☉ **Page 2:** Say: "Look at Nomsa. What is she doing?"
  - ☉ **Page 5:** Ask: "Can you see the cloud? Where do we find clouds?"
  - ☉ **Page 6:** Point to the top and say: "Look at the top going round and round." Point to Nomsa and say: "Look at Nomsa going round and round. Can you spin round and round like a top? Let's try."
- ★ Play some music and encourage your children to dance freely to it.

### Gus, the gorilla

This is the story of a gorilla from the Johannesburg Zoo who became a hero. Enjoy reading the story aloud or retelling it, then suggest that your children do some of these things.



- ★ Decide whether the thief got what he deserved and whether he should have been made to pay for Gogo's bananas.
- ★ Read the information about the gorillas and real-life events on which the story was based on page 13 of this supplement. Find out more about different kinds of gorillas.
- ★ Write the article that they think might have appeared in the newspaper. (They could draw a picture to go with their article too.)
- ★ Act out the story.

## Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar idees om die twee prentboeke en die langer Storiehoekie-storie in hierdie bylae te gebruik. Kies dié wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

### Joe! Dis lekker om 'n eend te wees

Kinders van alle ouderdomme sal hierdie storie geniet. 'n Jong eendjie met die naam Lillee, verkies om te stap eerder as om te leer vlieg en swem soos haar boeties en sussies. Maar uiteindelik leer sy wel wat sy moet leer sodat sy 'n slinkse jakkals wat haar wil opvreet, kan uitoorlê!

- ★ Gesels met jou kinders oor die prente terwyl jy die storie lees. Jy sal dalk hulle aandag wil vestig op die prente van die jakkals op bladsye 9, 10, 12, 14 en 15. Hierdie prente wys hoe die jakkals vir Lillee, wat nog 'n stukkie eierdop op haar kop gehad het, sou gelyk het.
- ★ Probeer 'n prettige teken-aktiwiteit wanneer jy die storie klaar gelees het. Stel voor dat jou kinders hulle oë met een van hul hande half toe maak en dan met die ander hand teken wat hulle sien!
- ★ Bespreek sommige van hierdie vrae met jou kinders nadat jy die storie gelees het.
  - ☉ Hoe dink julle kon die storie anders verloop het as Lillee saam met haar boeties en sussies leer swem en duik het?
  - ☉ Dink julle dit was wys van Lillee om die jakkals in die eerste deel van die storie te vertrou?
  - ☉ Was Lillee se mamma reg oor die jakkals? Hoe dink julle het sy van die jakkals geweet?
  - ☉ Ken julle ander stories waar daar 'n karakter is wat iemand probeer uitoorlê? Wat gebeur in daardie stories?
- ★ Die skrywer en illustreerder van hierdie storie, Joan Rankin, was 'n karakter in ons spesiale storie vir Geletterdheidsdag, *Ons moet gaan!* Jy sal hierdie storie in bylae 98 vind, of jy kan dit weer op ons webwerf of selfoonwerf lees: [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) en [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).

### Nomsa

Hierdie is 'n storie oor 'n klein dogtertjie, Nomsa, wat graag dans. Dit is geskryf vir baie jong kinders, maar jy kan ook die storie vir ouer kinders gebruik deur hulle dit eers in hul moedertaal te laat lees, en dan in die ander taal van die bylae. Hulle kan dit ook vir jonger kinders wat hulle ken, lees.

- ★ Doen sommige van die volgende dinge terwyl julle die storie saam lees.
  - ☉ **Bladsy 2:** Sê: "Kyk na Nomsa. Wat doen sy?"
  - ☉ **Bladsy 5:** Vra: "Kan julle die wolk sien? Waar vind ons wolke?"
  - ☉ **Bladsy 6:** Wys na die tol en sê: "Kyk na die tol wat al in die rondte draai." Wys na Nomsa en sê: "Kyk na Nomsa wat al in die rondte draai. Kan jy al in die rondte draai soos 'n tol? Kom ons probeer."
- ★ Speel musiek en moedig jou kinders aan om vrylik te dans.

### Gus, die gorilla

Dit is die storie van 'n gorilla in die Johannesburgse Dieretuin wat 'n held geword het. Geniet dit om die storie hardop te lees of oor te vertel. Sê dan vir jou kinders om van die volgende te doen.

- ★ Besluit of die dief gekry het wat hy verdien, en of hy vir Gogo se piesangs moet betaal.
- ★ Lees die inligting oor die gorillas en ware gebeure waarop die storie gebaseer is op bladsy 13 van hierdie bylae. Vind meer uit oor verskillende soorte gorillas.
- ★ Skryf die berig wat hulle dink dalk in die koerant sou verskyn het. (Hulle kan ook 'n prent teken om by die berig te pas.)
- ★ Voer die storie op.


### Create two cut-out-and-keep books

#### Nomsa

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

#### Wow! It's great being a duck

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



### Skep twee knip-uit-en-bêreboekies

#### Nomsa

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

#### Joe! Dis lekker om 'n eend te wees

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your imagination



Die slakke is so lekker, so smullekker, dat Lillie bly totdat sy elke enkele een opgevreter het. "Bring tog volgende keer jou boeties en sussies saam," roep Mr. Wolpoot-Langstert-Puntsnoet. "Reg so!" se Lillie. "Maar hulle kan nie so vinnig soos ek loop nie." En sy waggel weg.

"The snails were so tasty, so absolutely scrumptious, Lillie stayed until she had eaten every one. "Do bring your brothers and sisters next time," called Mr Furry-legs-Long-tail-Sharp-snout. "Okay!" said Lillie. "But they can't walk as quickly as I can." And off she waddled.



Die volgende week gaan Lillie terug na die bessiebos. En daar ontmoet sy Mr. Wolpoot-Langstert-Puntsnoet. Terwyl sy na nog bessies soek, gesels hulle. "Het jy 'n groot gesin?" vra haar vriend. "O, ja," antwoord Lillie, "ek het baie groter boeties en sussies." "Regtig? Dan moet ek jou wys waar om slakke te vind. Ek glo hulle is baie goed om eendjies GROOT ... sterk ... en vet te maak?"




"The following week Lillie returned to the berry patch. And there she met Mr Furry-legs-Long-tail-Sharp-snout. While she looked for any remaining berries, they talked. "Do you have a large family?" asked her companion. "Oh, yes," said Lillie, "I have lots of big brothers and sisters." "Really? Then I must show you where to find snails. I believe they are very good for making ducks BIG ... strong ... and fat?"

Wow! It's great being a duck is from the SONGOLOLO list – a range of books celebrating both the common and diverse interests and experiences in childhood, featuring stories from Africa and beyond.


Shuter & Shooter Publishers acquired the award-winning children's picture book imprint, SONGOLOLO in 2008. SONGOLOLO is a quality list, featuring books by some of South Africa's foremost authors and illustrators, including Niki Daly, Gcina Mhlophe, Joan Rankin and Jude Daly. The list features several bestsellers, including Niki Daly's *Mama, Papa and Baby Joe*, and Joan Rankin's *Wow! It's great being a duck* and other numerous award-winning titles.

For further information, visit [www.shuters.com](http://www.shuters.com)



# Wow! It's great being a duck

## Joe! Dis lekker om 'n eend te wees



Joan Rankin

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)





“I love walking, too,” said Mr Furry-legs-Long-tail.  
 “Let’s stroll together into the forest and I’ll show you  
 some tasty things for a growing duck like you to eat.”  
 Lillie ate many wild berries. She ate until her beak  
 turned purple. She ate until her feathers turned purple.  
 “How do you feel?” asked her new friend.  
 “Fat!” replied Lillie.  
 “Good,” said Mr Furry-legs-Long-tail. “I like  
 fat ducks.”  
 “Ek hou ook van stap,” sê Mnr. Wolpoot-Langstert.  
 “Kom ons stap saam in die bos in en ek sal vir jou ’n paar  
 smaaklike happies wys wat ’n groeiende eendjie soos jy  
 sal geniet.”  
 Lillie eet baie wilde bessies. Sy eet tot haar bek pers  
 gevelek is. Sy eet tot haar vere pers gevelek is.  
 “Hoe voel jy?” vra haar nuwe vriend.  
 “Vet!” antwoord Lillie.  
 “Mooi so,” sê Mnr. Wolpoot-Langstert. “Ek hou  
 van vet eende.”

“The next week Mr Furry-legs-Long-tail-Sharp-snout-Pink-tongue came walking along the forest path. There he found Lillie sitting alone on the path, sobbing.  
 “Why are you crying all by yourself?” he asked.  
 “My family has flown away to a bigger pond,” she wailed.  
 “Oh dear, I was hoping to have a party with all of you. But why don’t you come along with me?”  
 Lillie stopped crying. “You are kind,” she sniffed as she got up to follow her new friend into the dark, green forest.  
 “Hurry! Hurry! You really must walk a little faster,” said Mr Furry-legs-Long-tail-Sharp-snout-Pink-tongue, licking his lips. “Come on! Come on!”  
 “How rude! Just who does he think he is?” quacked Lillie, looking up.  
 “Die volgende week stap Mnr. Wolpoot-Langstert-Puntsoet-Pienk tong met die bospadjie langs. Daar kry hy Lillie wat alleen in die padjie sit en snik.  
 “Waarom sit jy so alleen en huil?” vra hy.  
 “My gesin het weggevlug na ’n groter dam,” huil sy.  
 “Ag nee, ek het gehoop om saam met almal van julle partytjie te hou. Maar waarom kom jy nie saam met my nie?” Lillie hou op huil. “Jy is so gae!” snuif sy terwyl sy opstaan om haar nuwe vriend in die donker, groen bos in te volg.  
 “Opskud, Opskud! Jy moet regtig ’n bietjie vinniger loop,” sê Mnr. Wolpoot-Langstert-Puntsoet-Pienk tong, en lek sy lippe af. “Toe nou! Toe nou!”  
 “Hoe onbeskof! Wie dink hy nou eintlik is hy?” kwaak Lillie en kyk op.



Lillie was the last born, the last to hatch, and the smallest and skinniest. All the other ducklings had already left the nest when, at last, Lillie’s egg began to crack. Lillie peeped out ...  
 Lillie is laaste gebore, het laaste uitgebroei en was die kleinste en maerste. Al die ander eendjies het al die nes verlaat toe Lillie se eier uiteindelik begin kraak. Lillie het uitgeoer ...

And she could!  
 En sy kon!





She observed his sharp snout. She goggled as his pink tongue slipped across a row of needle-sharp teeth. Lillee squeaked and Lillee squawked when she saw ...

Sy bekyk sy puntsnoet. Sy loer terwyl sy pienk tong oor 'n ry vlymskerp tande gly. Lillee piep en Lillee kweek toe sy sien dis ...



She studied his long tail. Sy bestudeer sy lang stert.



She glared at his furry legs. Sy staar na sy wollelike pote.



Down she glided, and landed just like an expert. "Look, look!" quacked her brothers and sisters. "Hey, Lillee! We thought you could only walk!" "So did I," said Lillee. "But now I can do everything!"

Af, af, sweef sy en kom soos 'n wafferse eend op die water te lande. "Kyk, kyk!" kweek haar boeties en sussies. "Haai, Lillee! Ons het gedink jy kan net stap!" "Ek ook," sê Lillee. "Maar nou kan ek alles doen!"



A week later she met Mr Furry-legs-Long-tail. "My, you do walk well ... for a duck," he said. "Thank you," said Lillee. "I shall never take my feet off the ground. It's far too dangerous." 'n Week later ontmoet sy Mnr. Wolpoot-Langstert. "Nou toe nou, maar jy stap fink ... vir 'n eend," sê hy. "Dankie," sê Lillee. "My pote gaan altyd op die grond bly. Dis veels te gevaarlik om te swem."



"You are very small and skinny," remarked Mr Furry-legs. "I will show you where you can eat tender nasturtium leaves. You need fattening up!" Lillee ate so many nasturtium leaves, she could hardly waddle home. "Jy is baie klein en mager," sê Mnr. Wolpoot. "Ek sal jou wys waar jy sappige kapperfiebare kan eet. Jy moet vet gevoer word!" Lillee eet so baie kapperfiebare dat sy skaars huis toe kan waggel.

First she saw her mother's eyes, then she saw her mother's feathers and her mother's feet. **CRASH!** Lillee fell out of her egg into the **BIG WORLD.**

Eers sien sy haar mamma se oë, toe sien sy haar mamma se vere en haar mamma se pote. **KADOEF!** Lillee val uit haar eier tot binne-in die **GROOT WÊRELD.**






Sy stap met die lang, kronkelpadjie langs totdat sy  
 Mr. Wolpoot teekom.  
 “Wat doen ’n oulike klein eendjie soos jy in die donker,  
 groen bos?” vra Mr. Wolpoot.  
 “Ek stap,” antwoord Lillee trots.

Along the long and winding path she went until she  
 met Mr Furry-legs.  
 “What’s a nice little duck like you doing in the dark,  
 green forest?” asked Mr Furry-legs.  
 “I’m walking,” replied Lillee proudly.



Lillee’s mother was very proud. She wanted everyone  
 to admire tiny Lillee.

“Come swim! Come swim!” quacked Lillee’s older  
 brothers and sisters.



... Mr. Wolpoot-Long-  
 Puntsnout, Pink-tongue  
**JAKKALSI!**

... Mr Furry-legs, Long-tail,  
 Sharp-snout, Pink-tongue  
**FOXI!**

Up, up, over the hills  
 and onto the other side.

Op, op, oor die heuwels  
 en na die oorkant toe.



Below, in a big pond, she saw her family.

Daar onder, in ’n groot dam, gewaar sy haar gesin.

float like a cloud,  
sweef soos 'n wolk,



fly like a butterfly,  
vlieg soos 'n vlinder,



We publish what we like

This is an adapted version of *Nomsa*, published by Jacana Media and available in bookstores and online from [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za). This story is available in isiZulu, isiXhosa, English, Afrikaans, Setswana, Sesotho, Sepedi, Siswati, Xitsonga, Tshivenda and isiNdebele. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za).

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Nomsa*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za). Hierdie storie is ook beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels, Afrikaans, Siswati, Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda en isiNdebele. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za).

© Jacana Media (South African rights only) Tel: 011 628 3200



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)

# Nomsa



*Niki Daly*



She can jump like a cat,  
Sy kan spring soos 'n kat,



spin like a top and ...  
spin soos 'n tol en ...



... WHOOPS  
into Papa's arms!



Nomsa loves to dance.  
Nomsa dans graag.



... SJOEP  
reg in Pappa se arms!




So, while her brothers and sisters were swimming and diving, Lillee practised walking. One foot after the other, into the dark, green forest she walked.

'Terwyl haar boeties en sussies dus swem en dink, oefen Lillee om te stap. Een poot voor die ander stap sy in die donker, groen bos in.



Lillee was flying! Up, up, over the pond.  
Up, up, over the trees.


vlieg Lillee! Op, op, oor die dammetjie.  
Op, op, oor die bome.





Right out of the reach of Mr Fox.

Waar Mnr. Jakkals haar nie kan beetkry nie.

Lillee se mamma is baie trots. Sy wil hê almal moet die piepklein Lillee bewonder.  
"Kom swem! Kom swem!" kwaak Lillee se ouer boeties en sussies.





Lillee draai vinnig om en hardloop ... *doef, doef, Hop, Hop!* Vinniger en vinniger al met die kronkelpradige langs deur die donker, groen bos en terug na die dammetjie, hardloop sy.

Quickly, Lillee turned and ran ... *Hop, Hop, Hop, Hop!* Faster and faster along the winding path through the dark, green forest and back to the pond she ran.




“Come along, Lillee,” coaxed Mother Duck. “You must learn to swim or Furry-legs, Long-tail, Sharp-snout, Pink-tongue Fox will gobble you up.”

But Lillee did not want to take her feet off the ground.

“Komaan, Lillee,” paai Mamma Eend. “Jy moet leer swem, of Wolpoot-, Langstert-, Punt snoet-, Pienktongjakkals sal jou opvreet.”

Maar Lillee wil liever haar pote op die grond hou.



**Splash!** Lillee jumped into the pond.

She could hear the panting breath of Mr Fox. She could feel his prickly whiskers on her tail. *Paddle, paddle* went her feet. *Flap, flap* went her wings. Suddenly ...



**Kaplaks!** Lillee spring binne-in die dam.

Sy kan Mnr. Jakkals se asem hoor jaag. Sy kan sy stekelrige snorbaarde op haar stert voel. *Plas, plas* maak haar pote. *Flap, flap* klap haar vlerke. Skielik ...

# Reading club corner Leesklubhoekie

Special days in November provide us with plenty of opportunities for reading, writing and storytelling. Here are some of them.


Spesiale dae in November gee ons talle geleenthede vir lees, skryf en die vertel van stories. Hier volg 'n paar van hulle.

- November:** Internasionale Prentboekmaand
- 13 November** Wêrelddag vir Goedhartigheid
- 15 November** Kindersmart-bewusmakingsdag
- 16 November** Internasionale Verdraagsaamheidsdag
- 20 November** Universele Kinderdag
- 21 November** Wêreld-Hallo-dag

- November:** Internasionale Prentboekmaand
- 13 November** Wêrelddag vir Goedhartigheid
- 15 November** Kindersmart-bewusmakingsdag
- 16 November** Internasionale Verdraagsaamheidsdag
- 20 November** Universele Kinderdag
- 21 November** Wêreld-Hallo-dag

Celebrate International Picture Book Month during November by asking your children to find their favourite picture book (and/or Nal'ibali cut-out-and-keep story) from the collection at your club or in your library. Allow some time for them to think about the reason/s why this book is their favourite. Then invite the children to write a "love letter" to the book or the author of the book saying why this particular book is their all-time favourite! Plan to have a "We love picture books" party later in the month. Invite the children to read their letters to the club members and to show their books. Suggest that they read their favourite books aloud to someone or retell the story using the pictures, if they are not able to read yet.

Vier Internasionale Prentboekmaand in November deur vir jou kinders te vra om hulle gunstelingprentboek (en/of Nal'ibali knip-uit-en-bêrestorie) uit die versameling by jou klub of in die biblioteek te kies. Laat genoeg tyd sodat hulle oor die rede/s kan dink waarom hierdie boek hulle gunsteling is. Nooi dan die kinders uit om 'n "liefdesbrief" aan die boek of die skrywer van die boek te skryf om te sê waarom hierdie spesifieke boek hulle volslae gunsteling is! Beplan om later in die maand 'n "Ons is lief vir prentboeke"-partytjie te hou. Nooi die kinders uit om hulle briewe vir die klubdele te lees en hulle boeke te wys. Stel voor dat hulle hul gunstelingboeke hardop vir iemand lees, of die storie oortel deur die prente te gebruik as hulle nog nie kan lees nie.



Picture books give us a hint of what else might be ahead in our reading lives. Each picture book is a small, wonderful world!  
*Brian Lies, picture book author and illustrator*

Prentboeke gee ons 'n voorsmakie van wat anders nog vir ons as lesers voorlê. Elke prentboek is 'n klein, wonderlike wêreld!  
*Brian Lies, prentboekskrywer en -illustreerder*

## IS IT TRUE?

The story *Gus, the gorilla* on pages 14 and 15, is based on two real-life gorillas from South Africa, called Max and Lisa.

Max and Lisa were Western Lowland Gorillas. Western Lowland Gorillas are one of the most endangered gorilla species in the world. This species originally came from the tropical rain forests of Africa and are the largest living primates.

Max was born on 6 March 1971 in the Frankfurt Zoo in Germany and came to the Johannesburg Zoo when he was two years old. When he was twenty years old, a female gorilla, Lisa, was brought from the Moscow Zoo to join him. They became life-long partners.

Max became well-known in 1997 when he tackled a thief. The thief jumped into the gorilla's enclosure at the zoo while he was running away from the police. The thief shot Max twice, but Max managed to stop the thief from escaping. The thief was arrested. The incident was reported in many newspapers and eventually Max was named "Newsmaker of the Year".

Max died from old age at the age of 33. Lisa died two years later after an emergency operation.

In 2008, a bronze statue of Max was placed near the Johannesburg Zoo's gorilla enclosure where Max had lived for most of his life.



## IS DIT WAAR?

Die storie, *Gus, die gorilla* op bladsye 14 en 15, is op twee werklike gorillas van Suid-Afrika, genaamd Max en Lisa, gebaseer.

Max en Lisa was Westelike Laagland-gorillas. Westelike Laagland-gorillas is een van die mees bedreigde gorillaspesies in die wêreld. Hierdie spesie kom oorspronklik uit die tropiese reënwoorde van Afrika en is die grootste lewende primate.

Max is op 6 Maart 1971 in die Frankfurtse Dieretuin in Duitsland gebore en het na die Johannesburgse Dieretuin gekom toe hy twee jaar oud was. Toe hy twintig jaar oud was, is 'n vroulike gorilla, Lisa, van die Moskouse Dieretuin af gebring om by hom aan te sluit. Hulle het lewenslange lewensmaats geword.

Max het in 1997 beroemd geraak toe hy 'n dief getakel het. Die dief het in die gorillakamp by die dieretuin ingespring toe hy vir die polisie weggehardloop het. Die dief het Max twee maal geskiet, maar Max het gekeer dat die dief ontsnap. Die dief is in hegtenis geneem. Daar is in baie koerante oor die insident geskryf en uiteindelik is Max as "Nuusmaker van die Jaar" aangewys.


Max is op die ouderdom van 33 aan ouderdom dood. Lisa is twee jaar later na 'n noodoperasie dood.

In 2008 is 'n bronsstandbeeld van Max opgerig naby die Johannesburgse Dieretuin se gorillakamp waar Max vir die grootste deel van sy lewe gewoon het.



# Gus, the gorilla

By Ann Walton ✨ Illustrations by Rob Foote



Gus was a big gorilla. He lived in the zoo with another gorilla called Gabby. Gus and Gabby had a little house to sleep in and a lovely garden to play in.

The zookeeper was good to Gus and Gabby. He gave them plenty of food to eat – cabbage and pumpkin and beans and mealies, and lots of oranges and paw-paws and apples and ... *bananas!* Gus and Gabby loved bananas more than any other food!

"May I have the last banana?" asked Gabby every day after lunch. And because Gus was a kind gorilla, he always gave Gabby the last banana.

One day, not far from the zoo, Mr van Vliet, the shopping bag thief, grabbed a shopping bag full of food from Gogo who was on her way to the taxi rank.

"Help! Help! Give me back my shopping bag!" shouted Gogo. But Mr van Vliet took no notice of her, and ran off down the road.

Gogo ran up to a policeman standing on the street corner. "Help!" she cried. "That man has snatched my shopping bag!"

"Let's catch him!" said the policeman, and they both ran after Mr van Vliet.

Mr van Vliet saw them coming, so he jumped over a big gate, and landed in the grounds of the zoo.

"Look!" puffed Gogo. "The thief has run into the zoo!"

"Let's catch him!" puffed the policeman.

Mr van Vliet was not looking where he was going. He jumped over a wall and fell right onto a thorn bush in Gus and Gabby's garden.

"Ouch!" he said.

The noise woke Gus and Gabby, who were having an afternoon nap.

"I think somebody is bringing us bananas!" said Gus.

"That's very kind!" said Gabby. "Let's go meet him and greet him."

So they went up to Mr van Vliet. Gus was a very gentle gorilla with good manners. When he saw Mr van Vliet, he stood up on his back legs and beat his chest like a drum to greet him.



When Mr van Vliet saw Gus do this, he got a terrible fright. He grabbed the shopping bag and tried to climb back over the wall.

"Give me bananas!" said Gus. But Mr van Vliet was already halfway up the wall, so Gus pulled his leg and bit him on his bottom to get him down again.

Mr van Vliet fell back down onto the thorn bush. Gus picked up the shopping bag, and looked inside it. Gus threw out all Gogo's shopping. And there, at the very bottom of the shopping bag was a big bunch of ripe, yellow bananas.

Gus patted Mr van Vliet gently on his head. "Thank you," he said. Mr van Vliet said nothing.

"Gabby," said Gus, "this kind man has brought us a lovely bunch of bananas!" Gabby came dancing over to Gus. Together they sat down next to Mr van Vliet and ate up all the bananas.



Gogo and the policeman heard the noise. They looked over the wall, and saw Mr van Vliet lying in the thorn bush.

"There is the thief!" said Gogo.

"Give Gogo her shopping bag!" said the policeman.

"Okay," said a shocked Mr van Vliet. He picked up all the shopping and put it back in Gogo's shopping bag. Then he reached over the wall and gave it back to Gogo.

"Hmmmph!" said Gogo. And she went off with her shopping bag to buy more bananas, and to catch a taxi home.

Mr van Vliet looked up at the policeman. "I promise I will never steal a shopping bag again!" he said. "But please, I must get away from here. Take me to the police station."

"Well now, Gus," said the policeman. "You have caught the famous shopping bag thief! I am taking Mr van Vliet to the police station now, but I will be back to see you tomorrow morning!"

The next morning the policeman brought the Chief of Police and a big brass band and a camera man and a news reporter to the zoo. A crowd of people followed them. The zookeeper led them all into Gus and Gabby's garden.

"Welcome to the police force, Gus," said the Chief of Police. "You are now a policeman!" The brass band played a tune, the camera man took pictures of Gus, and the reporter wrote a story about Gus and the famous shopping bag thief. The crowd of people cheered. Then the Chief of Police handed Gus a lovely big bunch of yellow bananas.

"Thank you," said Gus. "It was really quite easy to catch the shopping bag thief." He was so happy, he stood up on his back legs and beat his chest. At this all the people hurried from Gus and Gabby's garden as quickly as they could.

Gus and Gabby settled down to eat the bananas. "Now that I am a policeman, I will have plenty of work to do!" said Gus.

"Yes," said Gabby proudly. "This time you may have the last banana, Gus."

"Thank you, Gabby," said Gus as he tucked into the last banana.



Read about the real-life gorillas on which this story was based on page 13.

# Gus, die gorilla

Deur Ann Walton ✨ Illustrasies deur Rob Foote

Gus is 'n groot gorilla. Hy woon in die dieretuin saam met 'n ander gorilla, Gabby. Gus en Gabby het 'n klein huisie waarin hulle slaap en 'n pragtige tuin om in te speel.

Die opsigter van die dieretuin is goed vir Gus en Gabby. Hy gee vir hulle oorgenoeg kos om te eet – kool en pampoen en boontjies en mielies, en baie lemoene en papajas en appels en ... *piesangs!* Gus en Gabby hou meer van piesangs as van enige ander kos!

“Mag ek maar die laaste piesang kry?” vra Gabby elke dag na middagete. En omdat Gus 'n gawe gorilla is, gee hy altyd die laaste piesang vir Gabby.

Op 'n dag, nie ver van die dieretuin af nie, gryp mnr. Van Vliet, die inkopiesakdief, Gogo se inkopiesak vol kos toe sy op pad is na die taxistaanplek.

“Help! Help! Gee terug my inkopies!” skree Gogo. Maar mnr. Van Vliet steur hom nie aan haar nie en hardloop in die pad af.

Gogo hardloop na 'n polisieman toe wat op die straathoek staan. “Help!” skree sy. “Daardie man het my inkopiesak gesteel!”

“Kom ons vang hom!” sê die polisieman, en hulle hardloop albei agter mnr. Van Vliet aan.

Mnr. Van Vliet sien hulle aankom en hy spring oor 'n groot hek. Hy beland in die dieretuin se gronde.

“Kyk!” blaas Gogo. “Die dief het in die dieretuin ingehardloop!”

“Kom ons vang hom!” blaas die polisieman.

Mnr. Van Vliet kyk nie waar hy hardloop nie. Hy spring oor 'n muur en val kaplaks in 'n doringbos in Gus en Gabby se tuin.

“Eina!” skree hy.

Die lawaai maak Gus en Gabby, wat hul middagslapie geniet, wakker.

“Ek dink iemand bring vir ons piesangs!” sê Gus.

“Dis baie gaaf!” sê Gabby. “Kom ons gaan soontoe en sê halo.”

Hulle stap toe na mnr. Van Vliet toe. Gus is 'n baie saggeaarde gorilla met goeie maniere. Toe hy mnr. Van Vliet sien, gaan staan hy op sy agterpote en slaan op sy bors, soos op 'n trom, om mnr. Van Vliet te groet.



Toe mnr. Van Vliet sien wat Gus doen, skrik hy hom boeglam. Hy gryp die inkopiesak en probeer weer oor die muur klouter.

“Gee vir my piesangs!” sê Gus. Maar mnr. Van Vliet is al halfpad teen die muur op, en Gus moet aan sy been trek en hom op sy sitvlak byt om hom weer op die grond te kry.

Mnr. Van Vliet val terug tot in die doringbos. Gus tel die inkopiesak op en kyk binne-in. Hy gooi al Gogo se inkopies uit. En daar, heel onder in die inkopiesak, is 'n groot tros ryp, geel piesangs.

Gus tik mnr. Van Vliet liggies op sy kop. “Dankie,” sê hy. Mnr. Van Vliet sê niks.

“Gabby,” sê Gus, “hierdie gawe man het vir ons 'n heerlike tros piesangs gebring!” Gabby kom dansend oor na Gus toe. Saam gaan sit hulle langs mnr. Van Vliet en eet al die piesangs op.



Gogo en die polisieman hoor die lawaai. Hulle kyk oor die muur en sien mnr. Van Vliet in die doringbos lê.

“Daar's die dief!” sê Gogo.

“Gee Gogo se inkopies terug!” sê die polisieman.

“Reg so,” sê 'n geskokte mnr. Van Vliet. Hy tel al die inkopies op en pak dit terug in Gogo se inkopiesak. Toe strek hy oor die muur en gee dit vir Gogo terug.

“Hmmmff!” sê Gogo. En sy stap weg met haar inkopiesak om nog piesangs te gaan koop en 'n taxi huis toe te haal.

Mnr. Van Vliet kyk op na die polisieman. “Ek belowe ek sal nooit weer 'n inkopiesak steel nie!” sê hy. “Maar help my asseblief om hier uit te kom. Vat my polisieostasie toe.”

“Wel, Gus,” sê die polisieman. “Jy het die berugte inkopiesakdief gevang! Ek vat mnr. Van Vliet nou polisieostasie toe, maar ek kom julle weer môreoggend sien!”

Die volgende oggend bring die polisieman 'n paar mense saam na die dieretuin. Hy bring die Hoof van die Polisie en 'n groot koperblaasorkes en 'n kameraman en 'n verslaggewer. 'n Skare mense volg hulle. Die opsigter van die dieretuin laat hulle almal in Gus en Gabby se tuin ingaan.

“Welkom in die polisediens, Gus,” sê die Hoof van die Polisie. “Jy is nou 'n polisieman!” Die koperblaasorkes speel 'n deuntjie, die kameraman neem foto's van Gus, en die verslaggewer skryf 'n storie oor Gus en die berugte inkopiesakdief. Die skare juig. Toe gee die Hoof van die Polisie vir Gus 'n lieflike groot tros geel piesangs.

“Dankie,” sê Gus. “Dit was regtig maklik om die inkopiesakdief te vang.” Hy is so bly dat hy weer op sy agterpote staan en op sy bors slaan. Toe skarrel al die mense om so vinnig moontlik uit Gus en Gabby se tuin te kom.

Gus en Gabby gaan sit om die piesangs te eet. “Noudat ek 'n polisieman is, sal ek baie werk hê om te doen!” sê Gus.

“Ja,” sê Gabby trots. “Hierdie keer kan jy maar die laaste piesang eet, Gus.”

“Dankie, Gabby,” sê Gus terwyl hy aan die laaste piesang begin smul.



Lees op bladsy 13 oor die werklike gorillas waarop hierdie storie gebaseer is.

# Nal'ibali fun

Find the answers to the clues below in the stories in this supplement. Write down one word to answer each clue. Then find the words in the wordsearch block.

### Clues

- The type of animal that chased Lillee. \_\_\_\_\_
- The type of animal that Lillee was. \_\_\_\_\_
- The colour that the berries made Lillee's feathers. \_\_\_\_\_
- The place where Lillee's family liked to swim. \_\_\_\_\_
- The animals that Lillee ate. \_\_\_\_\_
- What Nomsa loved to do. \_\_\_\_\_
- The person who Nomsa hugged. \_\_\_\_\_
- The type of animal that Gus was. \_\_\_\_\_
- Where Gus lived. \_\_\_\_\_
- Gus and Gabby's favourite food. \_\_\_\_\_
- Mr van Vliet was a \_\_\_\_\_. \_\_\_\_\_
- The type of bush Mr Van Vliet fell into. \_\_\_\_\_




d	r	c	f	t	k	h	l
a	s	z	n	h	c	e	b
n	g	o	r	i	l	l	a
c	p	o	g	e	d	i	n
e	z	x	o	f	b	f	a
a	p	u	r	p	l	e	n
p	o	t	h	o	r	n	a
a	n	s	l	i	a	n	s
p	d	u	c	k	g	j	m

# Nal'ibali-pret

Vind die antwoorde op die leidrade hieronder in die stories in hierdie bylae. Skryf een woord neer as antwoord op elke leidraad. Vind dan die woorde in die woordsoekblok.


### Leidrade

- Die soort dier wat vir Lillee gejaag het. \_\_\_\_\_
- Die soort dier wat Lillee was. \_\_\_\_\_
- Die kleur wat die bessies Lillee se vere gevlek het. \_\_\_\_\_
- Die plek waar Lillee se gesin graag geswem het. \_\_\_\_\_
- Lillee het elke enkele een van hierdie diertjies opgevreet. \_\_\_\_\_
- Wat Nomsa graag gedoen het. \_\_\_\_\_
- Die persoon vir wie Nomsa 'n drukkie gegee het. \_\_\_\_\_
- Die soort dier wat Gus was. \_\_\_\_\_
- Sy woon saam met Gus in die dieretuin. \_\_\_\_\_
- Gus en Gabby se gunstelingkos. \_\_\_\_\_
- Mnr. Van Vliet was 'n \_\_\_\_\_. \_\_\_\_\_
- Die soort bos waarin mnr. Van Vliet geval het. \_\_\_\_\_



e	e	n	d	g	a	b	b	y
e	g	a	f	o	m	d	d	i
w	n	p	e	r	s	m	a	o
s	l	d	r	i	u	o	j	a
p	f	o	s	l	a	k	k	e
a	e	r	u	l	j	a	e	g
p	i	e	s	a	n	g	s	d
p	d	o	r	i	n	g	v	a
a	j	a	k	k	a	l	s	m

Can you find six differences between these two pictures?



Kan jy ses verskille tussen hierdie twee prente vind?



Answers: 1. fox 2. duck 3. purple 4. pond 5. snails 6. dance 7. Papa 8. gorilla 9. zoo 10. bananas 11. thief 12. thorn  
 Antwoorde: 1. takkals 2. eend 3. pers 4. dam 5. slakke 6. dans 7. Pappa 8. gorilla 9. Gobby 10. plesangs 11. dief 12. doring



Visit our website for more reading enjoyment: [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)  
 Gaan na ons webwerf vir meer leesgenot: [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)

Supplement produced by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.